# 75ste Suid Afrikaanse Sierduif Kampioenskapskou

**Bloemfontein Skougronde**

**26 tot 29 Junie 2024**

SA

SIERDUIFVERENIGING
FANCY PIGEON
ASSOC

SA's
2024

**Aangebied deur die Uitvoerende Komitee**

**Skou-Brosjure**

# Voorwoord en Verwelkoming deur die SASV President

`n Nasionale Kampioenskapskou is altyd `n besondere en spog geleentheid van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging. Wat hierdie Kampioenskapskou nog meer spesiaal maak is die feit dat dit ons 75ste Kampioenskapskou is en die eerste wat deur die Uitvoerende Komitee self aangebied word en nie deur `n Streek nie. Dit is ook ons tweede sentrale Kampioenskapkskou en word weereens in Bloemfontein aangebied.

Alhoewel die SASV op 13 April 2024 alreeds 81 jaar bestaan het, was die eerste Kampioenskapskou eers in 1946 in Oos London gehou en vier Kampioenskapskoue was sedertdien afgestel. Afgestelde Kampioenskapskoue was in 1950 weens New Castle Siekte, 2017 weens Paramixo Virus en 2020 & 2021 weens Covid-19.

Die Kampioenskapskou word hierdie jaar ook dieselfde tyd as die Nasionale Pluimvee Kampioenskapskou gehou wat ook `n eerste vir die SASV is. Die verhouding wat ons met die pluimvee-manne van Bloemfontein opgebou het, het tot gevolg dat ons baie hulp van hulle af kry met die aanbied van die Kampioenskapskou.

Ons beleef moeilike tye waar alles net ongelooflik duur geword het en `n gejaag is. Die lede wat nie gaan aanpas nie gaan agter bly. Kom ons praat met mekaar oor hoe ons gaan verseker dat ons stokperdjie lewendig gehou kan word en hoe ons as `n duiwe familie dit saam kan geniet. Ek is van mening dat die toekoms vir Streek - en Jongduifskoue daarin lê dat ons lede meer van saamry-klubs of geleenthede gebruik moet maak om skoue by te woon en dat ons ook jaarliks sekere skoue moet teiken vir bywoning.

Ons stokperdjie het baie veranderinge ondergaan vanaf die stigting in 1943 en ek hoop dat die Vereniging se nalatenskap vir die jonger geslag bewaar sal bly. My grootste wens is dat daar meer jongmense by die Vereniging sal aansluit sodat ons van krag tot krag kan gaan.

Die toename wat ons die laaste twee jaar in die Kampioenskapskou se inskrywings sien is vir my `n aanduiding dat `n sentrale SA Kampioenskapskou in Bloemfontein, wat deur die Uitvoerende Komitee aangebied word, die pad is wat ons in die toekoms moet volg.

Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om Shaun en sy span geluk te wens en ook te bedank vir die Kampioenskapskou wat hulle vir ons aanbied. Die eerste een wat in 2023 aangebied was, was net `n oefenlopie tot groter dinge wat gaan volg.

Ek hoop almal sal die Kampioenskapskou geniet en kom ons begin weer ons leuse "Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe" uitleef.

Uit die pen van ….

Chris de Bruin
30 April 2024

TURF PET PARADISE • YOUR ONE STOP PET HYPER •

# Inhoud



| | |
|---|---|
| Voorwoord en Verwelkoming: SASV President | 2 |
| Boodskap: Kampioenskapskou Sameroeper | 4 |
| Kampioenskapskou-Komitee | 5 |
| Skou Program | 6 |
| Beoordelaars en Skou Statistieke | 7 |
| Gedragskode vir Beoordelaars | 9 |
| Addisionele Skou Reëls | 10 |
| Afsluitingsfunksie Program | 11 |
| Funksie Spyskaarte | 12 |
| Bedankings en Borge | 13 |
| Notas / Aantekeninge | 15 |






**SASV Kontak Besonderhede:**
Ringmeester: Robin Prince
Sel: 0825659022
Epos: safpa.rings@telkomsa.net


**SASV Webblad:**
www.sasv-safpa.co.za






# Boodskap vanaf die Kampioenskapskou Sameroeper

`n Wyse man het eendag gesê: ”Sukses is die somtotaal van al die klein pogings saam getel”. Die reis die afgelope paar maande na die strewe om `n suksesvolle Nasionale Kampioenskapskou aan te bied was presies dit.

Innoferende denkwyses is die sleutel tot die voortbestaan van die Nasionale Skou en is ek dankbaar teenoor die UK dat hul ingestem het tot `n sentrale skou in Bloemfontein.

Danksy die suksesvolle aanbieding van die 2023 Nasionale Kampioenskappe deur die Noord van die Vaal Streek in samewerking met Wes-Transvaal het ons `n verwysings-raamwerk en kontakte opgebou wat die projek aansienlik ligter gemaak het as die vorige jaar op streeksvlak.

Ek wil graag die Kampioenskapskou-komitee bedank vir hulle privaat tyd wat hulle opgeoffer het met die hulp van al die reëlings en die pligte toegedien aan elk. Sonder julle sou die sukses van die geskiedkundige skou nie moontlik gewees het nie.

Aan al ons borge, klein en groot bedank ek u graag vir die onbaatsugtigde bydrae om die skou moontlik te maak. In vandag se hoë ekonomie is dié tipe van geleenthede net eenvoudig nie moontlik sonder die hulp van die gemeenskap en besighede nie.

Ek glo ter harte dat almal die skou en al die aktiwiteite sal geniet. Ek herinner ook almal daaraan “**Om te WEN is GOED, om DEEL te NEEM is BETER, om te GENIET is die BESTE”**

Duiwe Groete

Shaun Smeda
30 April 2024



# Kampioenskapskou-Komitee

Ontmoet die staatmaker span wat vir ons hierdie onvergeetlike 75ste Suid Afrikaanse Sierduif Kampioenskapskou aanmekaar gesit het.






Shaun Smeda    Leendert Snyman    Hennie Hattingh    Ronè Hattingh

**Sameroepers**    **Administrasie**






Daleen Esterhuizen    Marleen Esterhuizen    Awie Esterhuizen    Chris de Bruin

**Spyseniering, Sosiaal & Verblyf**    **Skou-Bestuurder**






Hendri Botha    Bertie Wessels    Savanah de Bruin    Phillip Lee

**Skou-Bestuurder**    **Finansies**    **Reklame, Veiling en Foto`s**

## Skou Program

**WOENSDAG: 26 Junie 2024**

08:00 tot 18:00 Inhok van duiwe
14:00 tot 17:30 1ste Uitvoerende Komitee-Vergadering
18:00 Sale sluit
19:00 Openingsfunksie (By Rusplek Gastehuis)

**DONDERDAG: 27 Junie 2024**

06:00 Sale open
06:00 tot 08:00 Inhok van duiwe
08:00 tot 08:30 Opening van Skou (Chris de Bruin en Ds. Renier Lee)
08:30 tot 16:00 Ras-Beoordeling
16:00 tot 17:00 Hoof-Beoordeling
18:00 Sale sluit
19:00 Saamkuier-funksie (By Rusplek Gastehuis)

**VRYDAG: 28 Junie 2024**

07:00 Sale open
07:00 tot 08:00 Ring Kompetisie Beoordeling
08:00 tot 09:00 Registrasie en Teoretiese Toets van voornemende Beoordelaars
08:00 tot 09:00 Senior Beoordelaars Vergadering
09:15 tot 12:15 Algemene Jaarvergadering
12:30 tot 18:00 Toets van voornemende Beoordelaars
18:00 Sale sluit
19:00 Afsluitingsfunksie (Op Skougronde, Pavilion Hall - Drag: Formeel)

**SATERDAG: 29 Junie 2024**

07:00 Sale open
08:00 tot 10:00 Beoordelaarsforum Vergadering
10:30 tot 12:00 2de Uitvoerende Komitee Vergadering (Spesklub Verteenwoordigers ingesluit)
13:00 tot 14:00 Uithok van duiwe (Almal vertrek: Veilige reis)

**BELANGRIK!!**

- Geen formele etes word aangebied nie, maar daar sal daagliks ‘n snoepie beskikbaar wees.
- Tee en koffie sal deurgaans gratis beskikbaar wees.
- Geen formele Spesklub-vergaderings word geskeduleer nie. Spesklubs wat vergaderings tydens die SA’s wil hou kan self reëlings tref met hul lede. Lokale sal wel beskikbaar wees om die vergaderings in te hou. Doen net navraag by een van die Bestuurslede.

PigeonVet.com

# Beoordelaars en Skou Statistieke

**Beoordelaars wat optree tydens die 75ste SA Kampioenskapskou.**

- **Hoof Beoordelaar:** Chris van der Walt
- **Sekundes:** Rodney Stevens

- **Senior Beoordelaars:**

| | |
|---|---|
| Chris de Bruin | Chinese Owl, en SA Botternek Tumbler |
| Chris van der Walt | American Giant Homer, Thuringian Spot, Saxon Monk en Any Other Fancy Pigeon Not Mentioned (Franconian Shield) |
| Christo Munnik | King, Showracer, American Show Racer en South African Distance Roller |
| Lourens Muller | Carrier, Dragoon, English Long Faced Clean Leg Tumbler en Barb |
| Pieter Neethling | Modena - Gazzi & Schietti gemerk, Limirick Tumbler, Old Style Saddle & Badge Muffed Tumbler, Berlin Long Faced Tumbler, Syrian Dewlap, West of England Tumbler, Rostower Tumbler, en Scandaroon |
| Renier Lee | Holle Cropper, Canaria Cropper en Coburg Lark |
| Wikus van Niekerk | Mookee |

- **Ras Beoordelaars:**

| | |
|---|---|
| At van Jaarsveld | Fairy Swallow en Stargard Shaker |
| Awie Esterhuizen | Old German Owl, Lahore en Damascene |
| Bertie Wessels | Gros Mondain, African Toy, English Long Faced Muffed Tumbler, English Short Faced Tumbler, Vienna Long Faced Muffed Tumbler en Oriental Frill - Satinette & Blondinette |
| Chris Engelbrecht | Fantail |
| Christo Nel | English Trumpeter, Vienna Short Faced Tumbler en Modeneser |
| Ds. Hennie Hattingh | Swiss Mondain |
| Gerhard van Aswegen | Brunner Pouter, Oriental Roller en Frillback |
| Jan Labuschagne | Voorburg Shield Cropper |
| Jan Lombard | Komorner Tumbler, Polish Helmet en Old Dutch Capuchine |
| Junior van der Walt | Runt |
| Nardus Marais | Italian Owl, German Beauty Homer, Working Homer en Polish Lynx |
| Peet Botha | Parlour Tumbler, Gimpel, Cauchois, Nuremburg Lark, Dutch High Flyer, Starling en Indian Fantail |
| Rob Lombaard | Norwich Cropper, Dutch Cropper en Pigmy Pouter |
| Shaun Smeda | Portuguese Tumbler en African Owl |
| Tom Ryke | Jacobin |
| Tommy Laubscher | Birmingham Roller |

# Beoordelaars en Skou Statistieke (Vervolg)

**Statistieke van die 75ste SA Kampioenskapskou.**

| | |
|---|---|
| **Aantal Vertoners:** | **65** |
| Senior Vertoners: | 59 |
| Junior Vertoners: | 6 |
| **Aantal Duiwe Ingeskryf:** | **1 155** |
| Senior Duiwe: | 1 108 |
| Junior Duiwe: | 47 |
| **Aantal Rasse Ingeskryf:** | **70** |
| Senior Rasse: | 70 |
| Juniors Rasse: | 10 |

DU TOIT KONTRAKTEURS

**Top tien rasse ingeskryf vir die 75ste SA Kampioenskapskou.**

| | | |
|---|---|---|
| 1st | Mookees | 103 |
| 2nd | Sjinese Uile | 100 |
| 3rd | American Show Racers | 76 |
| 4th | Fantails | 57 |
| 5th | Brunners | 46 |
| 6th | Old German Owls | 43 |
| 7th | Birmingham Rollers | 42 |
| 8th | Working Homers | 37 |
| 9th | Portuguese Tumblers | 32 |
| 10th | Holle Croppers | 30 |



# Gedragskode vir Beoordelaars

As rentmeester van een van God se skeppings, die sierduif is ek nederig, beskeie en dankbaar en daarom onderneem ek plegtig en opreg om my in my optrede as beoordelaar deur die volgende kode te laat lei:

1. As beoordelaar besef en erken ek dat ek feilbaar is en net ‘n instrument in God se hand is om Sy skepping te bestuur.
2. As beoordelaar besef ek ook die geweldige verantwoordelikheid wat op my skouers geplaas word, die verwagtinge wat van my gekoester word en die invloed wat my beoordeling op die vertoner en ander telers het.
3. Ek sal my tekortkominge as mens en beoordelaar erken en my bes doen om daardie tekortkominge te verbeter.
4. Ek sal my altyd waardig gedra omdat ek besef dat dit altyd ‘n voorreg is om te beoordeel en dat ek dit nooit as ‘n reg sal toe-eien nie.
5. Ek sal altyd onbevooroordeeld en met die grootste sorg, deernis en ywer my taak verrig. Daarom sal ek altyd ‘n oop gemoed hê en erken en bely dat ek maar net ‘n mens is en kan fouteer, maar indien ek fouteer sal ek die eerste wees om dit te erken en reg te stel.
6. Wanneer ‘n beoordelaar gevra word om te beoordeel vra jy slegs sy opinie, na aanleiding van sy/haar kennis en bevoegdhede. Sy/haar opinie kan mos nie verkeerd wees nie!! Almal gaan nie noodwendig daarmee saamstem nie maar vir die dag word die beoordelaar se opinie aanvaar.

Bostaande is ‘n samevatting van ’n konsep-gedragskode vir beoordelaars, deur Prof. Cobus Verster en die beoordeling van sierduiwe, saamgestel deur AW Ravenscroft bygestaan deur mev. Lettie Reyneke en mnre. Cas de Waal, Gert Bierman en A Ingle.

*(Bostaande is `n Uittreksel uit die Beoordelaarsforum Handleiding.)*

**Die huidige ras-standaard moet te alle tye die maatstaf wees waarteen die duiwe gemeet word.**

**ONTHOU DIE ENIGSTE MANIER OM ‘N VRIEND TE Hê IS OM SELF EEN TE WEES.**

SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub

S.A WATTLE CLUB

President: Bertie Wessels
e-mail: bertie_wessels@hotmail.com
Sel: 083 733 4191
Sekretaris: Ds Hennie Hattingh
e-mail: henniehattingh703@gmail.com
Sel: 082 923 3910
Prestigeskou
3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad



# Addisionele Skou Reëls

1. Die skoubestuur sal persone aanwys om alle ras-wenners na die Hoof-Beoordelaars Area toe te neem.
2. Geen persoon buiten die beoordelaars en hul helpers sal toegelaat word om ander vertoners se duiwe te hanteer nie.
3. Siek duiwe sal summier uit die skousaal verwyder word.
4. Enige wangedrag deur vertoners sal streng optrede tot gevolg hê.
5. Duiwe word op die eienaar se risiko geskou.
6. Duiwe is gedurende die skou onder die skoubestuur se beheer.
7. Verkoopduiwe wat nie vir die skou ingeskryf is nie moet in verkoophokke wees en daar sal nie toegelaat word dat enige duiwe in bokse of vervoerkaste aangehou word nie.
8. Vertoners mag gedurende beoordeling teenwoordig wees maar mag geen kommentaar lewer nie.
9. Daar mag nie enige aantekeninge op hokkaarte gemaak word tot na beoordeling nie.
10. Slegs een duif sal per skouhok en verkoophok toegelaat word.
11. Duiwekaste en bokse sal afsonderlik gestoor word, sonder enige duiwe daarin.
12. Kos en water word deur die skoubestuur vir die duur van die skou verskaf.
13. Geen drank of rook sal in die skousale toegelaat word nie.
14. Duiwe sal nie voor Saterdag middag 13:00 uit die skousaal verwyder mag word nie, behalwe as alle amptelike verpligtinge voor die tyd afgehandel is.
15. Geen duiwe mag die saal verlaat voordat al die Vertoners tevrede is nie.

**JUDGING…these are more than just wise words!! Extract from the book "An audience with Di Johnson "**

Such a wise lady..........Animal judging is not a PR exercise, it's not a popularity contest, nor a way of settling old scores. It should never be a way of ingratiating yourself and never a platform to be used for any other reason than putting up the best in your honest opinion, REGARDLESS of how much or how little winning they done in the past , and without any consideration of who owns them, who has bred them and what bloodlines they carry. No matter how impressive a judge's knowledge and experience, if they lack integrity when standing in the middle of the ring, then their opinions are of little value.
A judge who is honest and fearless and has integrity , can and will improve with experience. Judges of this calibre will go on learning about their chosen breed because they want to be good judges. ....extract from Di Johnson s excellent book. ..



# Afsluitingsfunksie Program

1. Seremoniemeester: Gerhard van Aswegen
2. Opening: Ds. Hennie Hattingh
3. Verwelkoming: Chris de Bruin
4. Bedankings: Shaun Smeda
5. Streeks/Spesklub Toekennings
6. Oorhandiging van Langdienstoekennings: Robin Prince & Chris de Bruin
7. Bekendmaking Spesiale Ringprys Kompetisie: Bertie Wessels
8. Bekendmaking van Skildwenners: Christo Munnik & Gerherd van Aswegen
   - Bankofs Skild - A Afdeling Sierduifstreek van die Jaar
   - Manie Fourie Trofee - B Afdeling Sierduifstreek van die Jaar
   - Bertie Wessels Trofee - Streek wat meeste advertensies vir "Die Sierduif" werf
   - Willie de Bruyn Trofee - Streek met die meeste verteenwoordigers op ander streke se skoue
   - Warren Klopper Wisseltrofeë - Streek met 2de meeste verteenwoordigers op ander streke se skoue
   - Noord Vrystaat Wisseltrofeë - SA Punte-Beker
9. Aankondiging Junior van die jaar: SA Patterson Trofee: Awie Esterhuizen
10. Uitdeel van Ras-Wenner Sertifikate & Medaljes: Shaun Smeda & Ds. Hennie Hattingh
    - Juniors
    - Seniors
11. Oorhandiging van Ras Beoordelaar Sertifikate: Christo Munnik
12. Oorhandiging van Hansie Botes Trofee aan Hoofbeoordelaar: Christo Munnik
13. Toekenning van Nasionale Kleure: Chris de Bruin en Gerhard van Aswegen
    - Teler
    - Beoordelaar
    - Administrasie
14. Oorhandiging van Top 7 Toekennings vir Juniors: Chris de Bruin & Gerhard van Aswegen
15. Oorhandiging van Top 7 Toekennings vir Seniors: Chris de Bruin & Gerhard van Aswegen
16. Oorhandiging van die Gawie du Toit Wisseltrofee aan Ras Beoordelaar van die Kampioen Duif: Christo Munnik



# Funksie Spyskaarte

**Openingsfunksie (19:00 By Rusplek Gastehuis): 26 Junie 2024**
- Spitbraai
- Bake Potato
- Krummelpap met Tamatiesmoor
- Gebraaide Groente
- Griekse Mengelslaai

**Saamkuier funksie (19:00 By Rusplek Gastehuis): 27 Junie 2024**
- Beespot met Groente
- Wildspastei
- Chicken Ala King
- Stampmielies
- Rys
- Knoffel Aartappels
- Mengelslaai
- Wafel en Roomys




**Afsluitingsfunksie (19:00 Op Skougronde, Pavilion Hall): 28 Junie 2024**
**Voorgereg:**
- Biltongsop met Broodrolletjies

**Hoofgereg**
- Oond Geroosterde Biefstuk met Sampioensous
- Hoenderpastei
- Chutney en Botter Aartappelgereg
- Rys
- Pampoenpoffertjies met Karamelsous
- Groenbone met Ham en Kaas

DPS
Diamond Pigeon Stud

**Nagereg**
- Sjokolade Poeding met Vla

- Koffie en Tee deurgaans beskikbaar



# Bedankings en Borge

Ons wil graag die volgende lede en instansies bedank wat borge en/of donasies gegee het om die Kampioenskapskou moontlik en suksesvol te kon maak:

- Eerstens dankie aan die Skou-Komitee wat hierdie onvergeetlike 75ste SA Kampioenskapskou vir ons aanbied.
- Gerhard van Aswegen (Aanry van die Beoordelaarshokke)
- Al die lede wat duiwe vir die veiling geskenk het; Attie van Aswegen (Postuum), Awie Esterhuizen, Bertus Pretorius, Christo Dippenaar, Christo Munnik, Dante Pelser, Derrick De Gouveia, Dries Cilliers, Gerhard van Aswegen, Hein Hoffman, Heinrich Moldenhauer, HP Lynx, Jan Kamfer, John Mowat, Lappies Labuschagne, Leendert Snyman, Louis van der Walt, Nardus Marais, Nico van der Westhuizen, Piet Smit, Pieter Neethling, Ruben Kitching, Schalk Strauss, Seppie Esterhuizen, Sevanah de Bruin, Wayne Nicholson, Wikus van Niekerk, Willie Human, Willie Janse van Rensburg en Willie van Zyl.
- Dirk Scholtz en Shaun Smeda wat `n kontant bydra gemaak het vir die veiling.
- Turf Pet Hyper - Johannesburg (Kontant Borg)
- Alma Kwekery - Welkom (Kontant Donasie)
- Phillip Lee (Skaapvleis)
- Nico Theunissen (Borg van Duiwe Kos)
- Hein Hoffman (Skaapvleis & Wildsvleis)
- Savanah de Bruin (Wildsvleis)
- Dries Cilliers (Beesvleis)
- Helene Roodt (Aartappels en leer "Badge" vir Beoordelaars)
- Leendert Snyman (Skaapvleis & Wors)
- Bloemfontein Skougronde (Bekostigbare Skousale & Geriewe)
- Awie, Daleen & Marleen Esterhuizen (Tafelversierings vir Dinee)
- Aviomed (Borg van Pryse en Skildery van Kampioen Duif op Skou)
- Medpet (Borg van Pryse)
- Noord-Kaap Sierduif Streek (Kontant Donasie en Mandjie vir Uitloting)
- Noord van die Vaal Sierduif Streek (Kontant Donasie)
- Du Toit Kontrakteurs en Staalwerke - Parys (Borg van Sertifikate)
- Noord-Vrystaat Sierduif Streek (Borg van Koffie, Tee en alles wat daarmee saamgaan)
- Wes-Kaap Sierduif Streek (Gedenk Tafel aan Attie van Aswegen)
- Uil en Strikduif Klub (Kontant Donasie)
- John Mowat (Kontant Donasie vir Dames Toer)
- Modenaklub Lede; Bertram Adams, Andre Grobbelaar, André Bruwer, Ian Singleton, Tiaan Botha, Abrie van der Walt en Jan Kamfer (Kontant Donasie)
- Cora en Christo Munnik (Mandjie vir Uitloting & Geskenke vir Dames Pakkies)
- Magda Muller (Geskenke vir Dames Pakkies)
- Derick Streak, Diamant Pigeon Stud - Kimberly (Pryse)

(011) 614 8915
071 454 9615
info@medpet.co.za
www.medpet.co.za
Medpet
@medpetsa
MEDPET (PTY) LTD
THE SCIENTIFIC ALTERNATIVE

# Bedankings en Borge Vervolg

Kontant Donasie

Produkte Donasie

Kontant Donasie

Kontant Donasie & Mandjie vir Uitloting

75ste Kampioenskapskou Embleem

Attie van Aswegen Gedenk Tafel

Kontant Borg

UK Bied SA`s Aan

Borg van Duiwe Kos

Borg van Pryse

Kontant Donasie

Borg van Pryse

# Notas / Aantekeninge

SA

SIERDUIFVERENIGING
FANCY PIGEON
ASSOC